# In Ritme met...

## TEMA 5: IN RITME MET DIE HEILIGE GEES

**Kerkseisoen: Koninkrykstyd**

Koninkrykstyd begin die Sondag ná Pinkster (Triniteitsondag) en strek tot die Sondag voor Advent (die Sondag van Christus die Koning). Dit is dus die langste "seisoen" in die kerkjaar kalender.


In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die seilboot 'n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur.

Ander simbole wat evangelisasie, barmhartigheid en dissipelskap uitbeeld sluit 'n koringaar (die sending oes), 'n oop Bybel (die evangelie), 'n kroon (Jesus se heerskappy), en 'n driehoek of drie sirkels in (die Triniteit).

Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in dié tyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as 'n aardbol (ekologie) en 'n boom (groei).

Biddag vir ekologie (begin Junie), Lentedag (1 September) en ekologie-maand (September) val almal in Koninkrykstyd.

**-geskryf deur DinkJeug-**




KERK IN AFRIKAANS
IN NEDERLAND

**Konteks: Die Heilige Gees?- hoe praat en dink ek oor die Heilige Gees?**

1. Die Heilige Gees is God!  Hy is deel van die Drie-Eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees) Jesus gee ‘n opdrag aan dissipels “doop alle mense in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees (Mt 28.19) Dit beteken dat die Heilige Gees nie net ‘n gevoel of krag is nie maar dat H/Sy dieselfde eienskappe het as God: Alwetend-Alomteenwoordig-Almagtig
2. Die Heilige Gees is persoonlik en betrokke: H/Sy praat, lei, onderrig, herinner en getuig (joh 14:26/ Rom 8:26)
3. Die Gees woon in ons (1 Kor 6:19) Wanneer ons Jesus aanneem, kom woon die Gees binne in jou, H/Sy maak jou liggaam ‘n tempel van God en Sy teenwoordigheid bring lewe, leiding en krag.
4. Die Heilige Gees transformeer jou hart, jou lewe: H/Sy verander jou karkakter en bring die vrugte van di Gees (liefde, vreugde, vrede ens) en H/Sy help jou om jou sondige natuur af te le en nuut te leef- Gal 5:22-23)
5. Die Heilige Gees staan bekend as Parakletos (Griekse term) wat beteken dat die Gees jou trooster en raadgewer is- iemand wat langs jou staan en jou help. H/sy gee wysheid, troos en leiding in moeilike tye en herinner jou aan Jesus se woorde (Joh 14:16-17)
6. Die Gees is ‘n Gewer van Gawes/talente: Hierdie gawes is vir die opbou van die kerk en vir diens aan ander ( 1.Kor 12:4-11)
7. Die Gees is aktief in God se plan: Die Gees was al in die begin teenwoordig by God se skepping ( Gen 1:2) en werk steeds in God se skepping en in mense. Die Gees inspireer die Skrif ( 2 Tim 3:16) en openbaar God se wil en Hy/Sy berei ons voor vir Jesus se wederkoms.
8. Die Gees is God se teenwoordigheid-Ruag (hebreeuse term vir wind/ energie): Hy soos die wind of suurstof altyd om ons en in ons aan die werk. Soms kan jy hom voel of sy werk sien.

**Hoe sou jy vir ander van die Gees vertel?**

‘n paar beelde wat kan help?

**WIND**

Staan in die wind of voor ‘n waaier. haal ook diep asem terwyl jou hand ‘n entjie voor jou (oop) mond hou. gesels oor hoe ‘n mens nie die Heilige Gees kan sien nie en nie altyd bewus is van die Gees nie. tog is Hy soos die wind of suurstof altyd om ons en in ons aan die werk. Soms kan jy hom voel of sy werk sien.

KERK IN AFRIKAANS
IN NEDERLAND

**STERRE**
Staan buite in die nag en kyk na sterre. Gesels oor die sterre – oor hoe wonderlik hulle is. Praat dan oor hoe helder elkeen brand en lig maak. Gesels oor hoe die Heilige Gees ons help om lig te maak en te skyn deur ons getuienis.

**KERSE**
**S**kakel al die ligte af en steek ‘n kers aan en kyk na hoe dit brand. Gesels oor hoe die Heilige Gees ons troos en lei in moeilike (donker) tye.

**SPIEËL**
**S**taan voor ‘n spieël. Hoe help die Heilige Gees ons om meer soos Jesus te lyk en op te tree? Hoe help hy ons om goeie besluite te neem?

**KLEI**
Speel met die klei. Jul kan iets van julself uitbeeld. Gesels oor hoe die Heilige **G**ees ons vorm deur ons aan Jesus (en Sy woorde) te herinner. Hoe verander / vorm die Gees ‘n mens?

**TUIN**
**P**lant saam saadjies of werk in die tuin / groentetuin. Gesels oor hoe die Heilige Gees ons help om te groei. Hoe is ons soos saad? Hoe gee Hy vir ons kos en water? Hoe snoei hy ons? Watter vrugte dra ons as die Gees deur ons werk**?**

**ALARM**
**S**tel almal ‘n wekker of horlosie of selfoon vir die tyd wanneer julle wil gesels. Wanneer die alarms / wekkers afgaan, gesels oor hoe die Heilige Gees ons herinner. Hy help ons onthou. Hy herinner ons aan Jesus se beloftes.

**WATER**
**G**aan stap langs water (‘n swembad of waterpoel) of drink ‘n glas water. Gesels oor hoe belangrik water is vir die mens. Wat beteken dit dat die Heilige Gees soos ‘n fontein in ons binneste is? Wat beteken dit dat die Heilige Gees ons dors wil les en ons wil vul met lewende water?

**We Make the Road by Walking: (Brian MClaren)**

1. Die Heilige Gees woon in ons harte.

Wat beteken dit prakties om te sê die Gees leef in jou hart?
Verwysing: “Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”

2. Die Gees transformeer ons begeertes.
Wanneer ons begeertes ooreenkom met God s’n, word ons dade nie plig nie, maar vreugde.
Dink daaraan: Wat is dinge wat jy “moet” doen, wat jy graag “wil” begin doen?

3. Leer om te loop met die Gees.
Soos kinders moet ons leer om te kruip voor ons loop.
Wat beteken dit vir jou geestelike lewe? Watter “loopstappe” neem jy tans?

4. Dissipelskap as 'n leerproses.
Die Heilige Gees as mentor: leer ons tree vir tree.
Wanneer laas het jy geval in jou geloofslewe – en weer opgestaan?

5. Die Heilige Gees wil al jou fasette besit.
Ds. Strydom sê: “Jy hoef nie meer van die Gees te kry nie, maar die Gees moet meer van jou kry.”

Waar is daar dele in jou lewe wat jy nog nie vir die Heilige Gees oorgegee het nie?
4. Illustrasie

🧤 Die Handskoen-metafoor:

Die handskoen kan niks doen sonder ’n hand daarin nie.

Jy is die handskoen. Die Heilige Gees is die hand.

Vra jouself af: Is ek voluit beskikbaar vir die Gees om my te vul, te lei, te gebruik?

GAL 2:19-20;
GAL 5: 16-26
KOL 2: 6-7
KOL 3: 9B -17

Gesprek vrae:
1. Wat staan vir jou uit in die teks?
2. Hoe ervaar jy tans die teenwoordigheid van die Heilige Gees in jou daaglikse lewe?
3. Is daar areas waarin jy voel jy kruip nog geestelik? Wat sal help om te begin “loop”?
4. Op watter praktiese manier kan jy begin om met die Gees te "connect" elke oggend?
5. Wat is die verskil tussen iets doen omdat jy moet, en iets doen omdat jy wil – en hoe verander die Heilige Gees daardie houding?
6. Watter fasette van jou lewe moet jy dalk nog oorgee aan die Gees se beheer?

7. Oefening vir die Week

> Daaglikse Verbinding met die Gees: Kies een van die volgende om elke oggend mee te begin:
Stil gebed: “Heilige Gees, ek gee myself vir U vandag. Lei my.”

Skryf ’n kort gebed of herinnering in jou joernaal of foon.

Tydens etes, vra: “Heilige Gees, wat wil U my leer in hierdie oomblik?
8. Gebed

Laat elke persoon ’n eenvoudige sin bid waarin hulle hul begeerte uitspreek om deur die Gees vervul te word en Sy stem te volg.